Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

# Hannon en Julius uitmekaar ná 30 jaar

## Dekades saam en 3 jaar getroud: Skeibesluit skok



Julius Swart en Hannon Bothma in gelukkiger dae. FOTO: TEREZA COETZEE

"As jy nie getroud is nie, is jou boedelbelasting sowat 90%. Sodra jy trou, val dit weg. Dit was dus nou tyd."

**Ross Michaels**

Slegs drie dae voor Valentynsdag kom die skoknuus: Hannon Bothma en sy man, Julius Swart, se paaie skei ná 30 jaar saam.

Die glanspaar is drie jaar gelede getroud.

Die besluit om te skei, wat die egpaar in 'n kort verklaring aan "vriende, kollegas en kliënte" bekend gemaak het, het talle onkant betrap.

Net drie weke gelede was daar nog sprake dat die egpaar sáám op die voorblad van *Huisgenoot* sou wees om hul 30ste herdenkingsjaar te vier.

Hulle het verlede jaar boonop nog dolgelukkig en smoorverlief voorgekom toe hulle gasheer was by die glansryke herbekendstelling van die tydskrif *Rooi Rose* by hul herehuis in Sandhurst, Johannesburg.

Hannon is bekend vir sy werk as stilis en mooimaak-konsultant op die kykNET-reeks *Glam Guru*. Hy verskyn gereeld in groot modetydskrifte in Suid-Afrika.

Terwyl Hannon die gesig van die Han-

**Terwyl Hannon die gesig is van die handelsmerk, is Swart die sakebrein.**



**By hul pekinese-hondjies, Bella en Bessie.** | FOTO: TERESA COETZEE

by die Mount Nelson-hotel ontmoet waar Hannon 'n haarkapper was en

Swart was gemaklik agter die skerms.

Hy het die kollig egter die afgelope tyd al hoe meer betree.

Nadat *Rooi Rose* verlede jaar 'n voorbladfotosessie met Juanita en Franja du Plessis by hul huis gehad het, het Swart aangebied dat hulle sommer die tydskrif se herbekendstellingsgeleentheid ook daar hou. By dié geleentheid het Swart in 'n onderhoud vir die kykNET-program *Bravo!* gesê dis hul manier om dankie te sê omdat dié tydskrif van die eerste was wat hulle in hul jonger dae publisiteit gegee het.

"Ek en Hannon glo vas as jy nie kan gee nie, sal jy nie kan ontvang nie," het hy gesê terwyl Hannon liefdevol toegekyk het.

Maar Vrydag, skaars 'n week ná hul herdenking van 30 jaar, was alles verby.

In die verklaring het hulle gesê hul

ning of bemarkingstrategieë van hierdie gevestigde en geliefde handelsmerk beinvloed nie," lui die verklaring.

En: "Die Hannon-handelsmerk se lewensduur, sterkte en groei sal altyd ons topprioriteit bly. Ons glo dit (ons skeiding) sal tot groter voordeel wees vir die toekoms van Julius Swart Promosies (wat handel dryf as) Hannon."

Swart het voorheen aan Netwerk24 gesê hy en Hannon het in Oktober 2018 oplaas ná 'n "seisoen van dood" besluit "dis nou tyd" om af te haak.

"My ma (Julia Swart) is op 17 September oorlede. Kort daarna is ons vriend, Chris Jacobs, aan 'n longsiekte dood. Sy man, Roger Govender, het homself daarna om die lewe gebring. 'n Tannie van my is ook dood. Man, dis net 'n seisoen waarin almal doodgaan," het Swart gesê.

# Nee, boedelbelasting werk nie so nie . . .

## Om te trou om te bespaar is net nóg 'n foefie

Ek kyk vandag na boedelbelasting. Dis 'n belasting wat nie altyd reg verstaan word nie.

Seker die duidelikste bewys hiervan is die aanhaling in verlede Sondag se berig in *Rapport*, 'Hannon en Julius uitmekaar ná 30 jaar': "As jy nie getroud is nie, is jou boedelbelasting sowat 90%. Sodra jy trou, val dit weg."

Nou kyk, dit was die eerste keer in my lewe dat ek van Hannon en Julius hoor. Ek stel nie die minste belang in sogenaamde glanspersoonlikhede se doen en late nie. 'n Leser het my op die aanhaling gewys en gevra ek moet asseblief vir lesers die feite gee.

Ek het eers net geglimlag. Wetend dis 'n belaglike stelling. Of dalk net in 'n grap bedoel. Ek weet nie … maar ek weet dat daar mense is wat alles wat 'n glanspersoon sê as die waarheid sluk. En die is nie die waarheid nie.

Die persentasie is belaglik en die trougedeelte ewe so.

**Net gehef op belasbare boedel**

Kom ons kyk. Eers die persentasie. Boedelbelasting is nie 90% nie, dit is 20% as die belasbare boedel minder is as R30 miljoen. As die belasbare boedel meer as R30 miljoen is, is die belasting R6 miljoen plus 25% van die belasbare boedel bo R30 miljoen.

Skerp lesers het seker nou raakgelees dat boedelbelasting nie 20% en 25% is nie. Boedelbelasting word net gehef op die belasbare gedeelte van jou boedel. Nie op die boedelwaarde nie. En beslis nie teen 90% nie.

So, voor jy boedelbelasting kan bereken, moet jy eers die berekeninge doen om by die belasbare boedel uit te kom. Hoe doen jy dit?

Net kortliks, mense skryf referate hieroor, en ruimte is beperk.

Jou boedel bestaan uit alle eiendom wat jy besit en dit wat deur die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955) geag word eiendom te wees. Eiendom is byvoorbeeld jou huis, plaas, beleggings en dies meer. Ingesluit ook 'n vruggebruik en eiendom in 'n trust in sekere gevalle. Geagte eiendom is polisse op jou lewe, al betaal dit uit aan iemand anders.

Dit alles saam bepaal die waarde van jou boedel. Maar soos ek hierbo noem, boedelbelasting word nie gehef op die waarde van jou boedel nie. Net op die belasbare boedel.

Daar is aftrekkings wat geld om by die netto boedel uit te kom. Voorbeelde hiervan is uitstaande skuld en belastings, begrafnis- en siekbedkoste, eksekuteurstarief, kapitaalwinsbelasting en so meer.

**Jy hoef nie amptelik te trou nie**

Kom ons staan nou eers 'n rukkie stil en kyk na die tweede stelling in die aanhaling hierbo: "As jy trou, val dit weg". Dis snert. Trou laat nie boedelbelasting verdwyn nie.

Wat die Boedelbelastingwet sê (art. 4q) is dat enige bemaking aan 'n gade aftrekbaar is vir boedelbelasting. Op voorwaarde natuurlik dat die gade nie onder 'n verpligting is om bates aan iemand oor te gee as voorwaarde om te kan erf nie, maar dis dalk iets vir 'n ander dag.

Die punt is dat trou net relevant is vir boedelbelasting as die oorledene 'n bemaking aan die gade gedoen het, ingesluit polisse wat aan gades uitbetaal. En, soos genoem, val boedelbelasting dan nie weg nie, die waarde van die bemaking aan die gade is bloot aftrekbaar.

Dit is maar een van die toegelate aftrekkings om by die netto boedelwaarde uit te kom.

Net 'n verdere punt oor trou. Jy hoef nie getroud te wees om hierdie aftrekking te kan kry nie. Enige langtermynverhouding tussen mense, ongeag geslag, wat tot die tevredenheid van die kommissaris van inkomste bedoel is om permanent te wees, sal vir die gade-aftrekking kwalifiseer.

Goed, nou is ons by die netto boedelwaarde. Al die aftrekkings, ingesluit bemakings aan 'n gade of permanente lewensmaat, het die boedelwaarde aansienlik verminder.

En nou sê die wet verder, op die netto boedelwaarde is daar 'n korting (art. 4A) van R3,5 miljoen. Eers dan word die boedelbelasting bereken teen 20% of 25% soos ek hierbo noem.

As jou naam Jacob Zuma is en jy het 'n hele string vroue, sal al die bemakings aan al die vroue natuurlik aftrekbaar wees vir boedelbelasting.

Maar nog iets, as jy alles bemaak aan 'n gade of lewensmaat, met ander woorde niemand anders kry enigiets van jou nie, dan "erf" daardie gade of lewensmaat ook jou volle korting van R3,5 miljoen.

By die dood van die langslewende gade of lewensmaat het hy of sy dan 'n boedelbelastingkorting van R7 miljoen voor die belastingkoers toegepas word.

En as jy, soos Zuma, 'n hele klomp vroue het en alles word by sy dood onder hulle verdeel? Dan "erf" elkeen 'n pro rata-deel van sy R3,5 miljoen-korting.

En Hannon en Julius? As hulle bekommerd is oor boedelbelasting moet hulle dalk liewer oorweeg om by mekaar te bly.

Maar ek moet toegee, van al die foefies om te bespaar op boedelbelasting is trou of langtermynverhoudings dalk nie so 'n goeie opsie nie. Jy sal boonop verplig wees om jou goed aan daardie persoon te bemaak as jy die boedelbelastingaftrekking wil hê.

Of jy kan 'n kundige finansiële beplanner nader om jou te help met jou boedelbeplanning. Dis dalk goedkoper en met minder interpersoonlike bagasie.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.